## 21 Oktober 2023 - Lesing 159 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Ware naasteliefde: Die deurgee van die goddelike woord – 24/9/60

**NO: 7708** Julle kan geen groter werk van naasteliefde doen **as met die verspreiding van My Woord nie**, die evangelie, wat julle medemense moet verneem om ook hul aardse weg met sukses te kan aflê.

Geestelike werke word egter van die kant van die medemens **nie gewaardeer** nie, omdat dit geen aardse sukses oplewer nie. Dog sodra julle geestelik werksaam raak en op geen aardse loon reken nie en altyd maar net aan die medemens oorbring wat Ekself aan julle van bo aanbied, **sal julle waarlik werke van naasteliefde verrig wat tot in die ewigheid reik**.

Want julle help die siele om ryp te word, julle kan hulle voorberei om in die ligryk binne te gaan, as die siel haar stoflike liggaam afgelê het en alles moet agterlaat, dan kan sy in besit wees van geestelike rykdomme, wat sy met haarself saamneem na die ewigheid toe.

Julle moet gee en die **brood van die hemele en die water van die lewe uitdeel** netsoos Ek dit aan My dissipels uitgedeel het. Dit is die grootste liefdedaad wat julle julle medemens op aarde kan bewys. **Dit is die ware naasteliefde** as julle onbaatsugtig die werk verrig wat nodig is om My Woord deur te gee. Want Ek Self wil **deur julle** die mense aanspreek, omdat hulle My Stem nie regstreeks kan verneem nie.

Die mense is in groot nood, want hulle gebruik hul aardse lewe slegs vir aardse gewin, terwyl hulle tog eerder aan hul siele moet dink, wat tydens die lewe op aarde tot rypheid moet kom. Wat julle nou doen om julle medemens op die weg van die geloof te bring, wat julle in My opdrag onderneem om hulle dus die evangelie te verkondig, is **onbaatsugtige naasteliefde - en deur My geseënd.**

Julle is self nog nie bewus van die groot gawe wat julle daagliks van My kan ontvang nie. Julle kan die waarde en betekenis daarvan nog nie insien nie, want anders sou julle almal – die wat op hoogte is van My werke deur die Gees, - **ywerig gewerk het aan die verspreiding** van dit wat aan julle deur My Liefde en Genade toegestuur word.

Julle begryp nie dat julle ‘n saadjie kan uitstrooi wat heerlike vrugte kan afwerp nie. Julle mag die saad nie ongebruik laat lê nie en julle moet julleself steeds op My hulp verlaat.

Want waar julle in nood beland, daar staan **My engele en beskermers** gereed om julle te beskerm, sodat julle geestelike arbeid tog gedoen kan word, sodat julle diegene hulp kan bring wat sonder julle nie die ware weg kan vind nie. Want daar is nog vele wat Ek deur julle wil aanspreek en Ek het daartoe **slegs julle wil nodig** om My ywerig te dien.

Ek neem julle dienste aan, want Ek kan slegs by monde van mense spreek, omdat die gesteldheid van die mense ‘n te lae vlak bereik het om hulle op ‘n ander wyse te kan aanspreek en omdat hul wilsvryheid gehandhaaf moet bly. Maar dit moet julle krag gee dat Ek julle My beskerming en ondersteuning verseker, sodra julle maar net die wil het om julle oor julle naaste te bekommer in geestelike nood.

Die tyd dring en steeds vermanender sal My Woorde klink wat Ek tot julle rig. Maar julle hoef My slegs julle wil te skenk en julle sal dan ook handel volgens My Wil. En alles reël hul vanself as julle dit maar in volle vertroue aan My oorgee en My maar altyd laat begaan.

**Neem dus My Seën aan, almal wat My dien en bly onvermoeid werksaam in My wingerd**. Want die dag is nog maar kort en dan volg die nag. Daar kom ‘n ommekeer, aards en geestelik. Die tyd van die oes is in aantog, en die dag van die oordeel kom daarmee saam.

Maar **voor die tyd** wil Ek nog vir My siele wen en julle moet My daarmee help. Julle moet julle naaste in liefde gedenk en julle moet besig wees vir My en My ryk. Julle moet My Naam verkondig in die wêreld en getuienis aflê van My werksaamheid in julle sodat die mense kan glo en salig word. Amein.